e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 September 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 33

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Rome of Korinte

In die lig van die Algemene Kerkvergadering (AKV) wat op hande is, is dit ons bede dat die versoening wat Jesus Christus ons gebring het, ons enigste genoegdoening in en aan die Kerk sal wees.

Dit het deesdae mode geword dat mense van kerk tot kerk reis op soek na die ideale gemeente. Dink nou as net die gemeentes wat in die Nuwe Testament vermeld word, vandag tot ons beskikking was om by aan te sluit. Watter een van dié gemeentes sou vandag die mees populêre onder ons wees? Rome, Korinte, Efese, Laodisea, Smirna? Veral as ons by die gemeentes sou kon aansluit voordat ons geweet het wat Paulus en die ander apostels alles aan en oor hierdie gemeentes in die Nuwe Testament geskryf het.

Mense wat hou van rigiede reëls oor alles en nog wat, sou hulle graag wou tuisvind in Rome. Ander vir wie wonderwerke en tekens van uiterste belang is, sou op geen ander gemeente besluit nie as net Korinte. Mense wat reken dat geloof belangrik is, maar tog nie so belangrik dat dit werklik jou hele lewe hoef op te eis nie, sou beslis 'n tuiste in Laodisea vind – nie te warm nie en nie te koud nie. Maar wat sê die Bybel vir en van al hierdie gemeentes?

Paulus skryf aan die gelowiges in Rome en praat met hulle oor die wet. Na aanleiding van Paulus se lang bespreking oor die wet, is dit duidelik dat daar 'n groot klomp lidmate was, die Joodse Christene, wat verbete aan die onderhouding van die wet vasgehou het. Hulle argument: *Sonder 'n streng vashou aan die wet, kom 'n mens nie in die hemel nie.* Paulus verduidelik aan hulle dat alle mense, Jode sowel as nie-Jode, sondaars is, en dat geen mens deur 'n streng onderhouding van die wet verlos kan word nie. Paulus sê dat die evangelie dit duidelik aan ons stel dat God mense hul sonde vergewe *enkel en alleen* omdat hulle glo.

Gemeente Korinte is weer ingestel op die gawes van die Gees. Vergeet al die partyskappe onder hulle, die onsedelikheid en minagting van die Nagmaal. Noem net 'n gawe, en hulle beskik daaroor. Vir hulle skryf Paulus: *So jammer julle loop die grootste gawe mis, dié van die liefde...*

En so kan ons elke brief aan elke gemeente in die Nuwe Testament nalees. Nie een van die gemeentes blyk die ideaal te wees nie. En tog was hulle almal God se kerk. Nie oor hul voortreflikheid nie, en ten spyte van hul tekortkominge. Maar God se kerk, by grasie van God se liefde.

In die lig van die AKV wat op hande is, is dit ons bede dat die versoening wat Jesus Christus ons gebring het, ons enigste genoegdoening in en aan die Kerk sal wees. Dat hierdie genoegdoening aan ons die insig en die lus sal gee om met eensgesindheid met mekaar te praat en van mekaar te verskil. Dat dit ons die kwade van die verlede sal laat wil vergeet – soos God dit inderdaad vergeet. Dat dit ons ons teologiese navorsing met ywer sal laat aanpak. Dat dit ons hierdie navorsing onbelemmerd sal laat bly toets aan die enigste norm, ons opgestane Here. Dat die begrip *diversiteit* in ons denke van minder belang sal wees – want om vir Rome of Korinte te kies, daarin lê ons heil nie.

Ds Frans Oosthuizen
Pietersburg

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplase

- **Gemeente Zeerust** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas** en nooi reggeaarde predikante van die Kerk om aansoek te doen **voor of op Donderdag 7 Oktober 2010**. Belangstellendes word versoek om volle besonderhede te e-pos aan die skriba van die gemeente by **kikuyu@work.co.bw**. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Westonaria** beskik oor 'n vakante **deelsorgstandplaas** en wag aansoeke in van proponente of predikante. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n aansoek en CV (tesame met 'n kort beskrywing van 'n persoonlike visie en vaardighede) moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Daar sal ook van die persoon verwag word om saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Westonaria is aan die verre Wes-Rand geleë, ongeveer 100 km van Pretoria tussen Randfontein (20 km) en Carletonville (30 km) en ongeveer 6 km noord van die N12 tussen Johannesburg (50 km) en Potchefstroom (85 km).

  Aansoeke moet die gemeente **voor Saterdag 16 Oktober 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba by **bengrey@lantic.net** of Posbus 84, Westonaria 1780. Meer inligting kan van die skriba, Ben Greyling, bekom word by 011 753 1443 of 082 848 2968.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Peet Botha se skoonmoeder** is die afgelope week oorlede, en **ds Geo Smit se vader** die afgelope naweek. Ons innige simpatie gaan aan die onderskeie families.



Prof Ben en mev Rina Engelbrecht

- **Ds At Mc Donald** is nou grootliks bedlêend en verduur baie pyn. Hy word steeds tuis deur sy vrou versorg.

- Dit gaan beter met **prof Ben Engelbrecht** wat geruime tyd baie siek was. Hy en sy vrou, Rina, is albei verswak en siek, maar woon steeds in hul huis in Colbyn.

- **Dr Robert Jones** en sy vrou, Elize, se tweeling, 'n seuntjie en 'n dogtertjie, is die afgelope week gebore. Hulle is drie weke te vroeg gebore, maar dit gaan baie goed met die twee.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende twee weke,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 24 September: Ds Thinus van Staden (Montana)
  - Sondag 26 September: Ds Marna van der Westhuizen (Ogies)
  - Dinsdag 28 September: Prof Natie van Wyk (AIM)
  - Woensdag 29 September: Ds Buddie Dupper (Pongola/Piet Retief)
  - Donderdag 30 September: Di Jan Schroeder (emeritus), Mariëtte van der Berg (buiteland)

- Saterdag 2 Oktober: Prop Hendrik Breytenbach (studieverlof), ds Charel van der Berg (Ladysmith)
- Sondag 3 Oktober: Prof Bart Oberholzer (emeritus), ds Piet van der Merwe (Zoutpansberg)
- Maandag 4 Oktober: Ds Schalk Kok (Potchefstroom-Noord)
- Dinsdag 5 Oktober: Ds Leon Janse van Rensburg (Namibkus)
- Woensdag 6 Oktober: Di Etienne Verhage (Bellville), Frikkie Viljoen (Verwoerdburg)
- Donderdag 7 Oktober: Dr Paul de Beer (emeritus)
- Vrydag 8 Oktober: Prof John Gericke (emeritus), ds Willie Strydom (Johannesburg-Suid/Eikenhof)

- Gemeentes moet asseblief daarop let dat stukke wat vir **bewaring** in aanmerking kom, ooreenkomstig die ***Riglyn vir gemeenteargiewe*** moet wees. Hierdie riglyn kan aangevra word van die Kerkargief by **argief@nhk.co.za**. Vir die afdra van argiefstukke moet vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, reëlings getref word. Dit geld ook tydens die komende AKV. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om vooraf reëlings met die argivaris te tref vir enige stukke wat ontvang moet word.

- Die **navorsingsprojek oor die belewing en hantering van armoede gedurende 1930-1960** is goed op dreef. Vraelyste is beskikbaar by alle NHSV takke en op die NHSV se webblad **www.nhsv.co.za**, en is ook per e-pos aan elke gemeente gestuur. Om die projek te laat slaag, is dit belangrik dat alle predikante en kerkrade moet meedoen. Die voltooide vraelyste moet teen **einde September 2010** teruggestuur word.



- Gemeentes kan hul bestellings vir die 2011-publikasies plaas by mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die bestellings moet verkielik voor einde Oktober geplaas word. Ten spyte van stygende koste is besluit om die prys vir die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* dieselfde te hou as in 2010. Die **pryse vir volgende jaar se publikasies** is soos volg:

  - *Die Hervormer* R90 vir 11 uitgawes
  - *Konteks* R130 vir 10 uitgawes
  - *Almanak/Bybelse Dagboek* R100

Elsburg se wenspan

- Ons het enkele uitslae van die **Bybelvasvra** ontvang. **Gemeente Krugersdorp-Oos** was vir die tweede agtereenvolgende jaar in die volwasse afdeling die algemene en kopkrapwenner (wel hierdie jaar gesamentlik met vier ander spanne). Die laerskoolspan van **Oos-Moot** het 100% in die kopkrapafdeling en 94% in die algemene afdeling behaal. **Gemeente Elsburg** is as nasionale wenners van die hoërskoolafdeling aangewys; twee jaar gelede was hulle die nasionale wenners van die laerskoolafdeling. Op die foto verskyn Elsburg se wenners: Maryna en Wanda Leslie (agter) en Tenisha en Tiffany Ludick (voor).

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Newcastle: 8 tot 10 Oktober**
  Viering van 50ste bestaansjaar
  Vrydag 18:00 – dankdiens met voorbereiding en belydenis van geloof
  19:00 – formele ete
  Saterdag 13:00 – boeresport en ander speletjies
  15:00 – gemeentebraai
  16:00 – oorhandiging van geskenke, simbole en kanselkleed
  Sondag 10:00 tot 13:00 – Nagmaal, danksegging en groeteboodskappe
  Kontak gemeente by **newcastle@nhk.co.za**
  of skakel Hannes Willemse by 034 312 4854 of 083 307 2618

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 9 Oktober: Gemeente Midstream**
  Sanger Jak de Priester
  R100 per persoon (sluit kaas-en-wyn-ete in)
  Kaartjies beskikbaar by Tolla Strydom, 078 283 5205

- **Saterdag 9 Oktober 10:00: Gemeente Wonderboompoort**
  Internasionale Tee
  Spreker dr Don Roos (opvoedkundige), sanger Elzette Myburgh
  R60 per persoon
  Kaartjies by Giesela Schwarzer, **giesela@telkomsa.net**, 083 709 9808 of 012 335 4181

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Wes: Vleisprojek**
  Wors wat in Swartruggens gemaak is teen ±R40 per kg
  Maalvleis en wors ook teen R20 per pakkie beskikbaar
  Kontak Lettie Walker by 012 327 2323

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  Hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Vanaf 07:00, bring eie tafel en *gazebo*
  Uitstallers R50 (of groter donasie)
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Zwartruggens Oesfees**
  'n Christenfees met 'n boodskap!
  Kontak Chris Steinmann (Feesvoorsitter) by 079 715 4141

- **Gemeente Wesmoot: 16-19 Desember Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

Prof Piet Strauss

Prof Dries le R du Plooy

ANDER NUUS

- Die **69ste AKV** open op Sondagaand 26 September in die kerkgebou van Gemeente Wonderboom. Die **openingsgeleentheid** begin stiptelik om 18:30. Almal word versoek om teen 18:15 hul plekke in te neem, wanneer die samesang plaasvind. Die uittredende voorsitter, prof Theuns Dreyer, sal die erediens lei. Tydens die opening sal ds JM Mamabolo namens die MRCC, prof Piet Strauss

Ds JM Mamabolo

Ds Geoff van Schie

namens die NG Kerk, en prof Dries le Roux du Plooy namens die Gereformeerde Kerke **groeteboodskappe** oordra. Uit die buiteland woon ds Geoff van Schie namens die Christian Reformed Churches of Australia die vergadering by. Maandagoggend om 09:00 begin die vergadering in alle erns.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- **Jac van Belkum Kinderhuis en die Hervormde Kinderhuis van Middelburg** hou 'n **reünie** op **Saterdag 25 September**. Enige jaargroep van beide kinderhuise is welkom. Die reünie vind plaas by die kinderhuisperseel in Krugersdorp, nou bekend as die Almamater-privaatskool. Die hekke open om 08:00 en die verwelkoming vind plaas om 10:00. Vir verdere besonderhede, kontak Nenna van Rensburg by **nena.50@live.com**, 073 698 7765 of 011 958 1449.

- Tans bevind waarskynlik soveel as 2 miljoen **Zimbabwiërs** hulle op Suid-Afrikaanse bodem. Baie van hulle is Shonasprekend. Sedert 2008 het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) ernstige probleme ondervind om **Shona Bybels** te bekom. Vir die Bybelgenootskap in Zimbabwe was dit ook onmoontlik om enige van hul voorraad Bybels af te staan vir verspreiding in Suid-Afrika. In samewerking met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap kon die BSA 10 000 eksemplare van die 1949-vertaling van die Shona Bybel druk, waarvan 5 000 Bybels onlangs in die land aangekom het. Hierdie Shona Bybels is net vir verspreiding in Suid-Afrika. Shona Bybels is beskikbaar teen R119 per eksemplaar en kan bestel word by **www.bybelgenootskap.co.za**.

- Die **Noord-Sotho en Venda** *Geloof kom deur Gehoor*-programme is vandeesmaand bekendgestel. Die program is nou beskikbaar in 10 van Suid-Afrika se 11 amptelike tale. Vir meer inligting oor die program in u area, kontak dr Francois Sieberhagen by 011 970 4010 of **sieberhagen@biblesociety.co.za**.

- Die gemiddelde kleinboer op die Chinese platteland wat ongeveer R1 000 per jaar verdien, sukkel om kos te koop – om nie eens van 'n Bybel te praat nie. 'n Boer moet 20 kg mielies of 40 eiers verkoop om een Bybel te kan bekostig. Op die Chinese platteland deel vier mense dikwels een Bybel. Sedert die begin van die jaar is **2,4 miljoen Bybels** deur die Amity Drukkery in Nanjing gedruk **vir verspreiding in China** – 'n gemiddeld van 300 000 eksemplare per maand. Dit is egter steeds nie genoeg om in die groeiende behoefte aan Bybels in China te voorsien nie.

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by **lisamari.swanepoel@gmail.com** of 083 943 4561.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende twee weke plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Sondag 26 September tot Saterdag 2 Oktober: 69ste AKV
  - Maandag 4 Oktober: Redaksie van *Konteks*
  - Woensdag 6 Oktober: Dagbestuur van die Kinderhuise

ADVERTENSIES

TUINWOONSTEL TE HUUR
Rietondale, Pretoria (rustige woongebied noord van die Uniegebou, lae misdaad-rekord).
Digby universiteite, Brooklyn, hospitale en middestad.
Netjies en privaat met een slaapkamer, badkamer, kombuis, L-vormige sit-/eetkamer, voorstoep en onderdak-agterstoep met klein privaat tuintjie. Onderdakparkering. Geen troeteldiere.
Word verhuur as enkelpersoonwoonstel met vereiste dat huurder die omgewing se rustigheid, stilte en stabiliteit sal handhaaf.
Huurtermyn 1 Januarie tot 31 Desember 2011, met opsie om te verleng (okkupasie voor 1 Januarie 2011 onderhandelbaar).
Huurgeld R2 800 per maand (deposito R3 000).
Meer besonderhede by Jan Oberholzer, 082 851 1081 of **jan@nhk.co.za**.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

My verwagtings van die AKV

Wat verwag afgevaardigdes van volgende week se Algemene Kerkvergadering? Ons plaas graag hierby enkele gedagtes. SENTIK en die redaksies van die verskillende publikasies wens almal 'n vrugbare, opbouende vergadering toe. Mag die Hervormde Kerk die baie uitdagings met grasie en kreatiwiteit aanpak, getrou aan die Lig waarin ons wandel.

"My verwagting van die eerskomende AKV is dat die Kerk sy opdrag en getuienis onverkort sal uitstraal in alle besluite wat geneem gaan word. Mag elke afgevaardigde hom- of haarself in verantwoordelikheid onder die leiding van God stel. My gebed is dat die Heilige Gees die vergadering so sal lei dat alles wat daar gebeur in die teken sal staan dat Jesus Christus die Here en Hoof van die kerk is."

Ds Hennie Pretorius, Noord-Kaap

"As al die afgevaardigdes onthou dit is nie óns kerk nie, maar die Here se kerk, sal dit 'n goeie vergadering wees. Ek sien uit na deurdringende debatte oor die dinge wat regtig saak maak en dat ons die dinge wat op die rand staan, gou sal afhandel. Dit is lekker om te luister na mense wat netjies kan formuleer en na mense wat lief is vir die Kerk en vir die Here van die kerk. Ek hoop die hooffokus van die vergadering is om die evangelie van Christus aan alle mense te verkondig. Daar is altyd stukkies gevatte humor om die erns bietjie te verlig."

Ds Thomas Joubert, Swellendam/Bredasdorp

"Die fokus tydens die AKV is die kerk – hetsy volkskerk, ons Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk, ons en ekumene. Ons gaan ook besin oor die huwelik en seksualiteit. My gebed vir die AKV is dat ons in besinning en besluite verder sal sien as net ons

Kerk. Mag ons raaksien dat ons Kerk nie 'n grootheid op haar eie is nie, maar in diens is van God en sy Koninkryk. Mag ons raaksien dat dit in die eerste plek nie oor onsself gaan nie, maar dat die Kerk daar is ter wille van 'n wêreld in nood. My gebed is dat die besluite wat ons neem, mense nie sal seermaak nie. Ek bid dat ons ook tydens die vergadering onsself voor die Here sal verootmoedig en sy Eer voorop sal stel. Nie my wil nie, maar u wil, Here."

Ds Rudi Rust, Vanderbijlpark-Suid

"Hoe sit 'n mens in woorde jou verwagtinge na 'n vergadering van die kerk van Christus? Ek wil gryp na die woorde van Jesus in Johannes 13: 34-35. *Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.* Ek hoop werklik dat ons in hierdie nuwe tyd wat ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingaan, soos Jesus sê, mekaar sal liefhê en verskillende standpunte en opinies sal respekteer. Mag in die besluite wat daar geneem gaan word, ALTYD gekyk word na wat die beste sal wees vir die kerk van Christus. So sal ons as Kerk altyd mekaar se gevoelens en denke respekteer, met integriteit mekaar in die oë kan kyk en die liefde van Christus in ons eie lewens sigbaar maak."

Ds Lorret de Leeuw, Port Elizabeth

"Tydens die komende AKV sal die belangrikste teologiese gesprekke waarskynlik oor sake soos die huwelik, die volkskerkgedagte, homoseksualiteit, ensovoorts, gaan. Hierdie sake vat aan die siel van die Kerk as gevolg van die uiteenlopende opinies binne die Kerk. Ek hoop dat die NHKA na afloop van die AKV in gehoorsaamheid aan God en sy Woord duidelike Bybelse antwoorde op hierdie vrae sal kan gee."

Ds Jaap Steenkamp, Potchefstroom die Wilge

"Dis met groot afwagting dat ek daarna uitsien om vanjaar vir die eerste keer die AKV by te woon. Hopelik kry ek die antwoorde waarna ons soek om die toekoms tegemoet te gaan, om ons gemeente se beplanning en bestuur te doen. Die agenda bevat baie punte waaroor ons feitlik daagliks praat, soos die minder wordende lidmate, ekonomiese en finansiële druk op gemeentes, die veranderde kultuur onder jongmense, mense wat kerklos word, om maar 'n paar te noem. Hopelik sal elkeen wat daar is saam met my weet, ons dien een Here, en moet ons besprekings en besluite in sy liefde en sy wil doen. Nie volgens myne, of dié van die persoon wat langs my sit, of voor my, of oorkant my nie. Dis ons Here se kerk, sy gemeente. Ek soek ook antwoorde om sy gemeente te bestuur soos Hy wil hê dat ons dit moet doen. Die belangrikste, ons moet sy Woord verkondig aan elkeen wat dit kan en wil hoor. Die vraag wat ons moet vra, is: Hoe sou Jesus daaroor besluit het?"

Oudl Hanrie van Staden, Klerksdorp-Doringkruin

Daar sal nie op Donderdag 30 September 'n *e-Hervormer* verskyn nie. Die 69ste AKV vind van 26 September tot 2 Oktober plaas; gedurende dié tyd sal nuus daagliks op die Kerk se webblad beskikbaar wees. Besoek dan **www.nhk.co.za** vir die nuutste oor die gebeure by die AKV.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 265 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT GODSDIENS- EN SENDINGWETENSKAP
SENIOR LEKTOR / MEDEPROFESSOR / PROFESSOR

Universiteit van Pretoria

In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

Hiermee word bekend gemaak dat 'n permanent-voltydse vakature ontstaan het in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die pos moet ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika deur 'n geordende predikant van die Kerk gevul word.

Pligte:

Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in (maar is nie beperk nie tot):

- Doseerverpligtinge op voorgraadse en nagraadse vlak in die dissipline van Godsdiens- en Sendingwetenskap;
- Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos deur die Fakulteit Teologie neergelê;
- Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie;
- Betrokkenheid by die werksaamhede van die Departement.

Minimum vereistes:

Die minimum kwalifikasie is 'n toepaslike meestersgraad

Die posvlak sal bepaal word na aanleiding van die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding tot 'n bepaalde posvlak:

Senior Lektor:

- Die minimum kwalifikasie is 'n toepaslike meestersgraad;
- Bewese belangstelling in die Godsdiens- en Sendingwetenskap (wat byvoorbeeld blyk uit akademiese en populêr-wetenskaplike publikasies).

Medeprofessor:

- Die minimum kwalifikasie is 'n toepaslike doktorsgraad;
- Ten minste drie jaar doseerondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre inrigting;
- 'n Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in die Godsdiens- en Sendingwetenskap;
- Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus;
- Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op magistervlak.

Professor

- Die minimum kwalifikasie is 'n toepaslike doktorsgraad;
- Ten minste vyf jaar doseerondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre inrigting;
- Gepubliseerde navorsing en eweknie-beoordeelde publikasies in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte;
- Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus;
- Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op doktorale vlak.

Die jaarlikse vergoeddingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se kwalifikasie- en ervaringsvlak wees. UP onderskryf die BESTMED TopCare-opsie en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Vir akademiese aansoeke, heg asseblief aan:

- ‘n Omvattende CV;
- Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies;
- Die name en kontakbesonderhede (e-pos en telefoonbesonderhede) van 3 kontakbare referente;
- Die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing);
- Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 15 Oktober 2010

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

Aanvangs van diens: 1 Januarie 2011

Navrae: Prof J Buitendag - Tel: (012) 420 2322

Indien daar nie teen 15 Desember 2010 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit.

Alle kandidate wat aan die aanstellingsvereistes voldoen word uitgenooi om aansoek te doen.

Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur gegee word aan kandidate uit onderverteenwoordigende aangewese groepe maar word nie tot sulke kandidate beperk nie.

Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.